sodat hulle kan groei as die liggaam van Christus en kan uitreik na die ongereddes in hulle gemeenskappe.

## *KERSFEES-UITREIK*

Kersfees is 'n spesiale tyd van die jaar wanneer die Japannese meer ontvanklik is vir die Christendom. Japansendingwerkers raak dan baie besig, neem deel aan evangeliese byeenkomste, konserte en partytjies. Werkers sal betrokke wees by meer as 100 byeenkomste om kerke te help om diegene in die plaaslike gemeenskappe te bereik wat begeer om meer te leer oor die betekenis van Kersfees.

**Bid** vir wysheid en sterkte en dat die Here baie se harte sal verander deur hierdie evangeliese geleenthede.

## *SPESIALE DANKBETUIGING*

Ons wil elke persoon bedank wat getrou gebid en die werk van Japansending ondersteun het gedurende 2025. U het 'n belangrike rol gespeel om die Here se werk te bevorder.

Ons prys die Here vir die baie saad wat gesaai is, die veranderde harte en sy getroue voorsiening. Dankie dat u steeds voortgaan om ons te ondersteun om uit te reik na die verlorenes!

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- **Bybels en Leesstof**
- **Studente Uitreiking**
- **Bejaardes Uitreiking**
- **Evangelisasie Byeenkomste**
- **Oudiovisuele Uitreiking**
- **Hospitaal Evangelisasie**
- **Engelse Evangelisasie**

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie.

'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of 'n debietorder kan gebruik word.

Slakke pos kom onafgelewer terug. Sal u assblief so gaaf wees om 'n e-pos te stuur indien u enige navrae of van adres verander het.

Nogmaals **BAIE DANKIE**, liewe vriende. Mag die Here u seën.

**DAVID EN SUE VERWEY BEPLAN OM SUID-AFRIKA GEDURENDE 2026 TE BESOEK**
**Kontak ons gerus indien u 'n besoek wil beplan of 'n vergadering wil reël.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***
***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

**NOVEMBER/DESEMBER 2025**
*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

*Geroep om te dien*

## *'N KYKIE IN MIANMAR*

Japansending ondersteun gereeld die werk van evangelisasievennote met die druk en verspreiding van Bybels dwarsdeur Sjina, Noord-Korea. Kambodja, Laos en die oorlogverwoeste Mianmar.

'n Militêre staatsgreep het in Februarie 2021 in Mianmar plaasgevind. 'n Bloedige burgeroorlog woed sedertdien in verskeie dele van die land.

Die militêre teenwoordigheid, dreigende aanvalle en padblokkades het die pogings om Bybels dwarsoor Mianmar te versprei, erg belemmer, maar God het steeds geleenthede geskep om in die nood en die behoeftes van die armes te voorsien.

Niemand het enige idee wanneer hierdie konflik tot 'n einde sal kom nie. Die baie burgerlikes wat geteiken word deur die Birmaanse militêre magte het ons voorbidding dringend nodig. Bid dat God sal ingryp in hierdie konflik.

Daar is baie Christene onder die minderheid Karen mense wat woon in die bergagtige streke van Mianmar. Hulle het talle onregmatige aanvalle en tragiese verliese gely en vorm nou deel van 'n weerstandsbeweging teen die Birmaanse militêre mag.

Een van die Bybelkoeriers het onlangs die geleentheid gehad om die boodskap van God se Woord aan 120 Karen soldate te bring. Hulle was almal jong rekrute waarvan sommige maar 16 jaar oud was.

Hulle bevelvoerder, wat die Bybelkoerier gevra het om te praat, is 'n Christen en hy het Bybels gevra vir 100 van die rekrute wat Christene is.

**Verteenwoordigers in Japan: DAVID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO, IKOMA CITY, NARA KEN, 603-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754 • www.japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Tel: (012) 337-1533 • Sel: 078 306 9839**
**sa@japanmission.org**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**"Ons ondervind pos word nie afgelewer nie. Stuur asb 'n e-pos na japansendingrsa@gmail.com indien ons die nuusbrief elektronies kan stuur."**

***"Luister na My, julle wat doen wat reg is, volk in wie se hart my wet is, moenie bang wees vir die spot van mense nie, en moenie skrik as hulle julle beledig nie"*** (Jesaja 51:7).

Die rekrute het moed geskep na die boodskap uit God se Woord en was verwonderd om te sien dat iemand van buite hulle grense met hulle praat.

Party van die nie-Christensoldate het ook gereageer op die boodskap en vir 'n Bybel gevra.

**Bid** asseblief vir hierdie jong rekrute wat binnekort na die voorste linies gestuur gaan word.

"Ek is mev. Naw Khu Phe. Ek is 48 jaar oud en kom van Pinkedorp, in die Bago Divisie.

"Ek het Christus aangeneem toe ek 14 jaar oud was. My pa het vir my 'n Bybel gekoop toe ek 16 jaar oud was, maar ons huis is deur 'n bom getref, en al ons besittings, insluitend my Bybel, het verbrand.

"Ek het geweet dat ek dit nooit sal kan bekostig om nog 'n Bybel te koop nie, want hulle was te duur.

"Toe, onverwags, het ons pastoor in die kerk aangekondig dat Karen Bybels gratis uitgedeel gaan word in ons dorpie, en enigeen wat een wil hê, moet slegs hulle naam gaan opskryf. Ek was so opgewonde en was ek ook die eerste een wat my naam neergeskryf het.

"Later het ek regtig 'n gratis Karen Bybel gekry. Ek was so verheug! Met trane in my oë het ek God geprys en gedank vir hierdie Bybel. God is so goed vir ons!

"Dankie vir julle wonderlike donasies vir ons S'qaw Karen Bybels en vir die stuur daarvan na die verafgeleë areas waar ons Karen mense bly. Mag God julle almal seën!"

"Ek is Naw July Moe. Ek is 46 jaar oud en bly in die dorp Liklek, in die Inkmee dorpsgedeelte van die Ayeyawady Divisie.

"Dit is die heel eerste keer dat Bybels na ons dorpie toe kom. Niemand van ons het nog ooit 'n Bybel gesien nie, behalwe die een wat die pastoor het.

"Ons dorpie is in die oerwoud en is 45 myl weg van die pad wat na die stad toe gaan. Ons het nog nooit 'n Bybel in ons hande gehad nie.

"Toe die Bybels aangekom het en gratis onder die dorpenaars versprei is, was ons verheug. Party van die ouer mense het gehuil en God met blydskap in hulle harte geprys.

"Na ons die Bybels ontvang het, het ons elke dag uit die Bybels gelees. Ons het baie behae daarin gevind om die Bybel te lees, want God se woord is lewend, kragtig en gee ons vrede in ons harte.

"Al hoe meer mense het die kerk bygewoon en hulle getuienisse gedeel hoe goed God vir hulle en hulle gesin is.

"Hulle het meer van God geleer deur die Bybel te lees. Tans het elke gesin 'n gebedstyd in die aande en toon meer liefde vir hulle gesinslede en bure.

"O, hoe wonderlik is julle donasies van Bybels vir ons dorpie en ook ons naburige dorpies!



"Daar is 31 dorpies in ons area en van die dorpies het nie baie Bybels nie. Party dorpies het omtrent 4 Bybels in hulle kerk. Die mense kan die Bybels in die kerk lees, maar hulle kan dit nie huis toe neem nie.

"Baie dankie vir julle kosbare donasie van ons S'gaw Karen Bybel in ons areas. Mag die Here julle seën!"

200,000 S'gaw Karen Bybels is onlangs versprei in hierdie gebied. Bid vir die voorsiening van finansies vir die drukkers, en wysheid en beskerming vir die netwerk Bybelkoeriers wat dikwels lewensgevaarlike situasies in die gesig staar.

Die burgeroorlog in Mianmar duur steeds voort. **Bid** vir vrede en beskerming vir die mense van Mianmar. **Bid** dat die Heilige Gees oortuiging van sonde en berou by die leiers van Mianmar sal teweegbring.

## *LITERATUURBEDIENING*

Japansending gaan voort om Christelike literatuur beskikbaar te stel dwarsdeur Japan. Evangelievennote maak dit ook moontlik om Bybels na baie dele van Asië, insluitend Sjina, Noord-Korea, Mianmar, Kambodja en Laos te voorsien. **Bid** dat die Here diegene wat die Woord van God vervoer, sal seën en beskerm. **Bid** ook dat die Here steeds beskerming en die nodige hulpbronne sal voorsien vir hierdie belangrike werk.

Japansending gaan voort om die ***Fontein van Vreugde-traktaatjie*** te publiseer, wat 'n mooi, volkleur, vierbladsye-traktaatjie is wat altyd 'n getuienis van bekering bevat. Omtrent 20 000 kopieë van hierdie traktaatjie word maandeliks by die kerke en aan baie nie-Christene versprei. Baie addisionele kopieë word versprei dwarsdeur Japan gedurende die ***Kersseisoen***. **Bid** dat die Heilige Gees harte sal aanraak terwyl hulle die getuienisse in hierdie traktaatjies lees.

## *MOTTO VAN JAPANSENDING*

Die motto van Japansending is Geroep om te Dien. Ons is geroep om die Japannese op verskeie maniere te dien, sodat baie gered kan word (I Korintiërs 9:22). Die fokus van ons bediening is tweeledig:

1. Ons eerste fokus is om verskeie middele te gebruik om die Goeie Nuus te deel en onvermoeid die saad onder die ongereddes te saai.
2. Ons tweede fokus is om die kleiner kerke in Japan te help wat dikwels 'n behoefte het aan Christenwerkers, evangelisasieprogramme, literatuur, media- en onderrig-hulpmiddels.

Japan benodig kerke wat geestelik florerende sentrums van hoop is wat na die behoeftes van hulle gemeenskappe kan omsien. Werkers en hulpmiddele, voorsien deur Japansending, help om die kerke op te bou en te bemagtig,